

Skriflesing: 2 Kor. 1 en Esegïel 36

2 Kor. 1:15-22:

¹⁵Dit was in hierdie oortuiging dat ek vroeër die plan gemaak het om julle te besoek, sodat julle twee keer 'n bewys van genade kon ontvang. ¹⁶Ek wou julle op die deurreis na Masedonië toe besoek en weer op die terugreis van Masedonië af, en dan met julle hulp my reis voortsit na Judea toe. ¹⁷Was ek miskien oorhaastig toe ek hierdie plan gemaak het? Of word ek deur menslike oorwegings gelei as ek planne maak, sodat ek in een asem “ja” en “nee” sê? ¹⁸So seker as God getrou is, ons woord aan julle was nie tegelyk “ja” en “nee” nie, ¹⁹want Jesus Christus, die Seun van God, wat ons, dit is ek en Silvanus en Timoteus, aan julle verkondig het, is nie “ja” en “nee” tegelyk nie. Hy is die “ja” van God, ²⁰die “ja” op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop “Amen” sê. ²¹God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, ²²ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang.”

Esegïel 36:24-32:

²⁴“Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle na julle land toe bring. ²⁵Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. ²⁶Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. ²⁷Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. ²⁸Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees. ²⁹Ek sal julle bevry van alles waarmee julle verontreinig het, Ek sal die graan aanspreek en sorg dat dit baie is; Ek sal nie weer hongersnood oor julle bring nie. ³⁰Ek sal sorg dat daar baie vrugte aan die bome is en groot oeste op die lande sodat julle nie weer die vernedering onder die nasies beleef dat julle hongersnood het nie. ³¹Dan sal julle terugdink aan julle bose optrede en julle gedrag wat nie goed was nie, en julle sal 'n afsku hê van julleself oor julle sonde en julle afskuwelike dade. ³²Julle moet weet, sê die Here my God, dat Ek dié dinge nie ter wille van julle doen nie. Al wat julle pas, Israel, is skaamte en skande oor julle optrede.”

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus God se verbondsbeloftes waar maak en 'n werklikheid in ons en ons kinders se lewe maak. Dit is wat Paulus bedoel wanneer hy stel Christus is die "ja" op al God se verbondsbeloftes. Christus is nie 'n jabloer wat ja sê terwyl jy eintlik self God se verbondsbeloftes in jou lewe 'n werklikheid moet maak nie. Christus bevestig God se verbondsbeloftes en daarvan is die doop 'n teken, dat Hy ja sê. In afgodsdien word die doop en herdoop 'n teken dat mense met hul bekering "ja" sou gesê het op nuwe alternatiewe beloftes wat God nog nooit teenoor mense gemaak het nie: om hulle aan sy goddelikheid te laat deel. Daarom soek mense bevestiging dat God hierdie alternatiewe afgodsdienbeloftes waarmaak deur 'n nuwe alternatiewe doop.

Teks 2 Kor. 1:19^b en 20: *"Hy is die "ja" van God, ²⁰die "ja" op al die beloftes van God."*

Tema Christus bevestig God se beloftes vir ons en ons kinders

Ons het vanoggend die voorreg om vir Lumé Scott, MC en Aruschka se dogtertjie te doop. Haar doop is 'n teken dat al God se verbondsbeloftes vir haar 'n werklikheid is. Hoekom die vir haar werklik is, is omdat Christus vir haar die "Ja" op al God se verbondsbeloftes is. Nie sy self nie, nie haar ouers nie maar Jesus Christus self is die "Ja" op al God se verbondsbeloftes vir haar. Sy "ja" maak dit vir haar waar en werklik.

1. Wie is die "ja", wie sê "ja" op die beloftes wat God aan ons maak?

Met die doop van kinders het ons die gewoonte om vir hulle ouers vrae te vra, en dan moet hulle voor die gemeente "ja" antwoord voordat ons hulle kinders doop. Ons gaan dit net nou weer doen.

Hierdie gebruik skep al vir geslagte lank die indruk en die verwarring dat die ouers met God 'n verbond maak oor hulle kinders. Die ouers se ja-sê vanoggend hier voor die kansel lyk dan asof hulle beloftes vir God maak en ons daarom hul dogtertjie doop.

Maar die vrae wat ons vanoggend vir MC en Aruschka gaan vra, is nie die beloftes wat God met hulle en Lumé gemaak het waarop hulle as ouers moet ja sê nie. Ons vra hulle om Lumé binne God se verbondtrou en liefde groot te maak. Ons vra hulle nie om haar in te sluit of deel van God se verbondstrou en liefde te maak nie.

Hulle antwoord "ja" op die vrae wat ons as kerk vir hulle vra oor hulle verantwoordelikheid, maar Jesus is die "ja" op al die beloftes wat God in sy verbond met Lumé gemaak het.

2. Die beloftes van God waarna Paulus in 2 Korintiërs 1 verwys, is soos by al die ander verwysings deur Paulus na hierdie beloftes, die beloftes van Esegïel 36:24 - 32.

"Ek sal julle wegvat uit die afgodsdien en goddeloosheid in die gemeenskap"

"Ek sal julle van sonde reinig en water as reinigingsteken aan julle gee"

Christus bevestig God se beloftes vir ons en ons kinders

“Ek sal julle verharde hart wegneem en julle ’n hart gee wat God liefhet.”

“Ek sal die Heilige Gees in julle gee sodat julle my gebooie kan en sal wil gehoorsaam.”

Lumé se ouers, MC en Aruschka, kan nie vanoggend voorgee dat hierdie beloftes wat God teenoor Lumé onderneem, hulle beloftes is en maak asof hulle vir haar teenoor God hierdie beloftes in haar lewe ’n werklikheid sal maak nie.

Ouers kan nooit op so ’n wyse vir hierdie beloftes van God “ja” sê nie.

Lumé kan ook nie vanoggend “ja” sê op God se beloftes nie. Dit is gewoon net omdat sy as baba dit nie kan doen nie.

3. Dit is een van die redes hoekom die protes van lidmate al sterker word teen die doop van kinders. Hulle leef met die wanbeeld dat Lumé eers self “ja” op God se beloftes moet kan antwoord, voordat sy gedoop kan word.

Daarom glo hulle dat as sy nie self “ja” kan sê op God se beloftes nie, is hierdie beloftes van God nie vir haar waar of ’n werklikheid in haar lewe nie.

Dat sy nie self “ja” op God se beloftes kan sê nie, is ook die motivering vir die doopseremonies wat al meer in die kerk inkom, die herdoop, die herhalende doop, dit is oor en oor doop, of sommer net sulke selfopgemaakte waterspeletjies wat die dominees nou elke Sondag uitdink.

In al hierdie geestelikheid word die doop gesien as ’n teken dat jy vir die Here op sy beloftes self “ja” gesê het.

Hierdie wangeloof is dat die Here sy beloftes as God eers waar maak, in mense ’n werklikheid maak en dit eers vir mense ’n ervaring word, wanneer hulle self vir God “ja” sê. Hulle sien dit só! God maak beloftes, maar dit bly net sommer beloftes tot jy self “ja” sê. Eers dan word die beloftes van God waar omdat jy “ja” sê.

4. Daarom moet ons die inhoud en krag van die evangelie in Paulus se aankondiging hoor: God onderneem sy verbondsbeloftes teenoor ons, en Christus sê “ja” vir ons op God se beloftes teenoor ons.

Hierdie verklaring is helder en duidelik!

Op die beloftes wat God teenoor ons onderneem, sê nie die ouers óf die ouers se klein kindertjies, óf die ouers se kinders as hulle self groot geword het, “ja” nie.

In die ouers se plek, en in die ouers se kinders se plek, sê Christus “ja” op die beloftes van God!

Daarom stel Paulus dat hierdie beloftes, hierdie ondernemings van God oor hoe hy God is vir MC en Aruschka, en ook hoe Hy God is vir hulle kindjie Lumé, op vaste grond staan.

Christus bevestig God se beloftes vir ons en ons kinders

Die vaste grond is nie die ouers of Lumé se “ja” op God se beloftes vir hulle nie, maar Christus se “ja” op God se beloftes vir en in hulle.

5. Paulus verduidelik hoe vas hierdie sekerheid is dat God se beloftes ’n werklikheid binne hulle lewe is, en ook binne Lumé se lewe is, deur die stelling te maak dat Jesus Christus nie “ja” en “nee” tegelykertyd is nie.

Wat beteken hierdie stelling “nie “ja” en “nee” tegelykertyd nie”?

In ons taal beteken dit om ’n “jabroer” te wees. ’n Jabroer sê “ja” maar dit is net ’n belofte omdat hy nie self doen wat hy belooft nie. Wanneer ’n jabroer vir jou “ja” sê, is dit nie net “ja” nie. Dit is “ja” en “nee” tegelyk. Ja, hy belowe, maar nee hy doen nie wat hy belowe het nie.

Paulus het onderneem om die gemeente van Korinte te besoek, maar sy planne het nie uitgewerk nie. Hy het gesê: “Ja, ek kom”, toe kan hy weens omstandighede nie kom nie.

Daarom is Paulus bekommerd dat die gemeente sal dink hy is ’n jabroer, meer nog, hy is bekommerd dat sy optrede die rede kan wees dat die gemeente dink dat die evangelie wat hy verkondig oor Christus, ’n jabroer-godsdiens is.

Dit beteken dat Jesus as die Christus onderneem om dinge te doen net om ons gerus te stel, maar in werklikheid doen Hy nooit die dinge wat Hy as die Christus onderneem het om te doen nie, en na Hy nie die dinge gedoen het wat Hy as die Christus onderneem het om te doen nie, dan gee Hy jou die skuld omdat Hy dit nie gedoen het nie.

Dan is Hy net ’n jabroer-Christus. Hy belowe maar doen nie wat Hy belowe nie. Jy moet self doen wat Hy belowe het.

6. Hoe lyk so ja-broer-Christus wat “ja-ja” sê, wat eintlik tegelykertyd “nee-nee” beteken?

Só ’n tipe Christus onderneem om die beloftes van God waar te maak, ’n werklikheid in die lewe van sy volgelinge te maak, maar terwyl Hy dit onderneem, is dit nie ’n werklikheid in die lewe van sy volgelinge nie:

- Neem Hy ons nie weg uit die goddelose gemeenskap en hulle afgodsdiens nie;
- Reinig Hy ons nie werklik van ons sondes nie;
- Neem Hy nie ons verkeerde hart uit ons lewe weg nie;
- Maak Hy ons nie lief vir God nie en
- Gee Hy ons nie sy Gees wat ons lief maak vir God se geboorte nie.

En terwyl Hy dit nie doen nie,

- beskuldig hierdie Christus jou dat jou ouers nie hulle beloftes nagekom het nie, en omdat hulle nie hulle beloftes nagekom het nie, werk sy “ja” as

Christus bevestig God se beloftes vir ons en ons kinders

Christus, nie werklik in jou lewe nie;

- beskuldig hierdie Christus jou dat jy eers jou sondes self moet bely voor sy reiniging van sondes sal werk, en omdat jy dit nie self doen nie, word sy reiniging nooit 'n werklikheid in jou lewe nie;
- beskuldig hierdie Christus jou dat jy eers God in jou lewe moet innooi, jou hart en lewe vir God moet gee, en omdat jy dit nie doen of nie reg doen nie, werk sy “ja” nie op die beloftes van God nie.

Hy sê “ja”, maar jou “ja” moet God se beloftes in jou lewe waar en werklik maak. Dit is hoe hierdie tipe dan Christus ’n regte ou jibroer is: Hy sê ja, maar dit beteken eintlik nee, en eintlik is dit maar op die ou einde jou “ja” wat God se beloftes waar en werklik in jou lewe maak.

Hy beloof net, maar jy moet dit self waar en werklik maak.

7. Maar Christus is nie ’n jibroer nie. Hy sê nie maar “ja”, maar ons moet self die beloftes van God ’n werklikheid in ons lewe laat word nie.

Hy sê “ja” en dan bewerk en laat Hy, volgens vers 21, die volgende werklik gebeur:

- 1)** God het ons gesalf. Dit is nou in die 83-vertaling vertaal as ‘afgesonder’, maar daardeur verval iets van die betekenis van die vers. Want ‘salf’ in Grieks is Χρίσας (grisas), en ‘Christus’ is Χριστός (Gristos). Salf in hierdie vers beteken Christus het ons ingesluit en laat ons deel in sy lyding en opstanding.
- 2)** Verseël – hierdie verseëling verwys na die reinigingswater-belofte van Esegïel 36 en wys dat ons heilig en rein vir God is, ons behoort aan God.
- 3)** Christus gee self die Heilige Gees as waarborg in ons harte sodat Hy deur hierdie belofte-Gees van Esegïel 36, al God se ondernemings dat Hy sal maak dat ons Hom liefhet, ’n werklikheid vir en in ons maak.

Dit is hoe Christus “ja” sê op God se beloftes en dit in en vir ons ’n werklikheid maak.

8. Nou wat moet ons dan sê, as Christus “ja” sê op al die beloftes wat God teenoor ons onderneem? Moet ons dan nou kom en op Christus se ja-sê weer ons eie ja-sê? Dan beteken dit ons moet saam ja-sê, Hy eerste en ons dan tweede. Paulus stel dit duidelik met die kontras: Ons sê nie “ja” op die beloftes nie, Christus sê “ja” op die beloftes. Ons sê ook nie “ja” op Christus se “ja” nie.

Ons sê “amen” op Christus se “ja”.

Dit is Christus se “ja”, sy lyding en opstanding wat God se beloftes vir en in ons lewe waar en ’n werklikheid maak. Deur sy lyding en opstanding salf Hy ons, verseël Hy ons en gee Hy die Heilige Gees in ons as waarborg.

“Amen” sê, maak geen belofte van God waar of werklik nie.

Christus bevestig God se beloftes vir ons en ons kinders

Hierdie “amen” is nie “ja-sê” rituele soos ons dit al meer binne die NG Kerk hoor nie. Al meer word amen-sê binne die NG eredienste, magspreuke. Deur hierdie spreuk laat ons dinge gebeur wanneer ons dit uitspreek. Deur hierdie en ander spreuke wil mense deesdae wat God sê, self waar en ’n werklikheid binne in hul lewe maak.

Daarom gaan hierdie amen-sê en amen-gesingery gepaard met rituele, want in die rituele word die mag van die magspreuke gedemonstreer.

Paulus gebruik hierdie woord totaal anders. “Amen-sê” in hierdie vers is ’n geloofsbelydenis. Dit is die korste geloofsbelydenis oor die lyding en opstanding van Jesus Christus. Dit is ’n geloofsbelydenis wat bely dat dit so is dat Christus die Een is wat “ja” sê, en net Hy alleen met sy “ja” God se beloftes waar en ’n werklikheid binne ons lewe maak.

Alles wat ons doen vir God, is hierdie “amen”, doen ons uit die geloof dat Christus met sy lyding en opstanding my self, verseël en die Heilige Gees in my hart gee.

9. MC en Aruschka, daarom is julle antwoord op die vrae wat ons by die doop gaan vra, nie na betekenis en bedoeling “ja” sê nie, maar “amen” sê.

1) Julle “ja” is nie ’n “ja” vir God, asof julle God se beloftes vir haar as kind sal waar of werklik maak nie. Julle gee geen salwing, verseëling of waarborg oor God se Gees aan Lumé nie.

2) Julle “ja” sê mag Christus ook nie ’n ja-broer maak nie: Hy beloof om al hierdie beloftes vir haar waar te maak, maar ons moet haar eers leer om vir God “ja” te sê, voor dit regtig gaan gebeur.

Julle mag en moet amen sê op die vrae wat ons vir julle vra. Wat ons van julle vra, is ’n geloofsbelydenis in Jesus Christus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding:

- Julle moet “amen” sê: Christus het God se beloftes vir Lumé waar en werklik gemaak.
- Julle moet “amen” sê: Christus het haar gesalf in alles waarop Hy vir die Vader “ja” gesê het.
- Julle moet “amen” sê: Christus het haar verseël as die eiendom van God: heilig en rein, en daarom moet sy die teken van hierdie verseëling ontvang.
- Julle moet “amen” sê: Christus het haar sy Heilige Gees in die hart gegee – Hy sal die beloftes van God, vir haar die seëninge van die Gees in haar lewe laat wees.

10. Ons moet self ook Christus as Here elke dag so ontdek: wat doen ons as ons voor die Here gaan staan in gebed en Hom aanroep? Ons mag dit nie so glo dat Hy sy beloftes maak en ek moet “ja” sê op die beloftes van God nie. Ek moet met dit wat ek doen, die Here se beloftes waar en ’n werklikheid in my lewe maak

Christus bevestig God se beloftes vir ons en ons kinders

As jy dit doen, dan verloën jy Jesus Christus. As jy sê die Here se beloftes was nog nie 'n werklikheid in my lewe nie, want ek het nog nie my lewe, my hart vir die Here gegee nie, ek het nog nie my sondes bely nie en daarom was die beloftes van God nie waar in my lewe nie, verloën jy met jou "ja", die Een wat "ja" sê.

Wat sê jy as jy self so wil "ja" sê?

Is Christus die Een wat die beloftes met sy "ja", sy lyding en opstanding, die beloftes van God in jou lewe 'n werklikheid maak, of is dit jy wat met jou geestelike dade die beloftes van God 'n werklikheid in jou lewe maak?

Wie sê ja?

Jy of Christus?

Die Woord van God sê net Een Persoon sê "ja" op God se beloftes: Jesus Christus. Jy moet iets sê. Maar dit wat jy moet sê, is "Amen" op die "ja" van Christus, wat God se beloftes 'n werklikheid in jou lewe maak.

Jy moet "Amen" sê:"

- Ja, Here dit is waar. Elke keer as ek my hart teen U verhard, dan kom neem U my verharde hart teen u, in my weg.
- Ja Here, dit is waar. Elke keer as ek dink ek kan U nie lief hê nie, dan gee U in my hart 'n liefde vir U.
- Ja Here, dit is waar. Elke keer wat ek voor U wil kom staan met 'n gekerm en gepleit oor my sonde, dan vind ek U het my van hierdie sonde gereinig en ek is nie die mens wat my sondes vir my sê ek vir en voor U is nie.

11. Hoe moet ons ons kinders in die kerk grootmaak? Wat moet ons vir hulle leer? Ons gaan dit nou vir MC en Aruschka vra: wat leer jy vir jou kind in die kerk?

Leer jy haar om vir Here "ja" te sê, of leer jy haar om vir die Here "amen" te sê?

Weet u hoe grillerig dit is as jy 'n ouer moet wees wat jou kind na die Here toe moet lei sodat jou kind vir die Here moet gaan "ja" sê?

Wie is nou die "ja"? Nou is dit ek wat my kind lei om vir die Here "ja" te gaan sê! Nou is dit ek wat my kind lei om die Here te gaan ontmoet! Nou is dit ek wat my kind lei om sy lewe vir God oop te maak!

Maar dit is nie die waarheid nie. Jy mislei jou kind. Jy mag nie jou kind lei om vir die Here "ja" te sê nie want dan maak jou kind van die Here Jesus 'n jebroer.

Jy moet jou kind na Christus toe lei en vir jou kind wys Christus het in jou en vir jou vir God "ja" gesê, en alles wat jy in jou lewe doen, is "amen."

Jy kan sê:

Christus bevestig God se beloftes vir ons en ons kinders

- “Dit is die waarheid, ek is vergewe!”
- Jy kan sê: “Dit is die waarheid, die Here vat elke keer hierdie moedswilligheid uit my hart uit.”
- Jy kan sê: “Dit is die waarheid, die Here het my hierdie Gees gegee wat my elke keer weer vasbind en wys ek mag die Vader liefhê.”

Jy moet jou kind leer om “amen” te sê. Jy moet jou kind leer om te sê: “Dit is die waarheid, ek is vergewe, ek glo dit!”

Amen: Dit is so! Dit is hoe dit in my lewe werk! God is so! Christus doen dit in my! Ek glo dit Here! Here, ek glo dit vir my kind! Want U laat dit só werk!

Amen: Dit is só! Here U het ons sondes vergewe en U het ons kind se sondes vergewe.

U het ons met Christus gesalf. Ons kind is ingesluit in Christus soos u ons ingesluit het in Christus. Ons kind deel in die betaling van sonde wat U met U dood bewerk het.

Lumé het die Heilige Gees ontvang. Sy behoort aan die Vader. Daarom doop ons haar, Lumé, in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

12. Dit is die verskriklike van elkeen wat vandag nie meer hul doop as kind wil aanvaar maar hul weer wil laat doop omdat hulle volgens hulself bevestiging soek! Dit is hoe hulle dit self glo en motiveer: met ons doop soek en kry ons bevestiging.

Bevestiging van wat?

En met almal klink dit só! “Ons wil met ons weerdoop bevestig dat ons vir God “ja” gesê het. Ons het vir God “ja” gesê dat Hy mag in ons lewe inkom, Hy mag ons lewe oorneem, Hy mag in beheer wees van my lewe, Hy moet op die troon van my hart kom sit.

En toe ons só tot bekering gekom het, het God se beloftes vir die eerste keer waar en ’n werklikheid in my lewe geword. Voor ek nie met my bekering vir Jesus “ja” gesê het nie, was sy beloftes nie vir my waar en ’n werklikheid in my lewe nie.

Daarom wil ek ’n doop hê as bevestiging van my bekering waar ek op God se beloftes “ja” gesê het.”

Die ironie van hierdie geestelikheid is dat dit so halfpad regtig waar is. Alles wat hulle sê vir hulle nie ’n werklikheid in hulle lewe was voor hulle bekering nie, was nie! Alles wat hulle sê in hulle lewe nie waar was voor hul bekering nie, was nie! Maar u moet net kyk wat was nie waar nie! Al sulke goed soos: “God kom in jou lewe in; God neem die beheer oor; God sit op die troon van jou hart; God begin deur jou leef; jy word deel van God se krag en mag – is glad nie beloftes wat God maak en Jesus sê nooit “ja” op hierdie soort beloftes nie want dit is nie God se beloftes nie. Dit is sommer magsdrome van afgodsdienste.

Christus bevestig God se beloftes vir ons en ons kinders

Christus bevestig nie sulke drome en ons doop bevestig dit ook nie. Daarom wil hierdie mense van God se teken van sy beloftes en Jesus se “ja” op die beloftes wat God maak, verander asof God hulle magsdrome moet waarmaak. Hulle bevestig met hulle herdoop God het hierdie nuwe magsdrome in hul lewe ’n werklikheid gemaak. Hulle Jesus wat hulle magsdrome waarmaak, is niks anders as ’n jibroer nie! Hy kan net belowe maar dit is eintlik altyd “nee” totdat mense dit met hulle “ja” ’n werklikheid in hul lewe maak.

God beloof nie aan Lumé goddelike mag nie. Daarom sal Jesus nooit haar jibroer wees nie. Hy gaan haar Here wees. Hy beloof om vir haar God te wees soos Hy vir verbondskinders God is en Jesus se “ja” maak dit van voor haar geboorte ’n werklikheid in haar lewe.

Wie se bevestiging is die vaste grond wat God se beloftes vir ons waar en werklik maak? Jesus se “ja” deur sy lyding en opstanding of ons “ja” met al ons bekerings en oorgawes vir ander beloftes as die Here se beloftes?

Ons doop Lumé Scott om te bevestig dat Jesus Christus met sy lyding en opstanding vir haar “ja” gesê sodat sy hierdie besondere lewe met God saam kan gaan leef: alles wat sy vir die Here sal en gaan doen is haar “amen”.

Jesus het vir haar in haar plek “ja” gesê: God sy Vader is haar Vader.
Jesus het vir haar in haar plek “ja” gesê: Hy self haar met sy heiligheid en regverdigheid, sluit haar in sy lyding en sterwe in.
Jesus het vir haar in haar plek vir haar “ja” gesê: “Hy het sy Gees, die Heilige Gees in haar hart gegee.

Sy kan alles in die geloof gaan doen vir God, vir hom “amen” sê omdat Hy haar in sy verbondsliefde laat leef.

Kom ons doop Lumé Scott!